

13 April

Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30
HK, Vraag 103

God gee deur Christus ware rus

Smag u nie ook na rus nie? Sedert die sondeval is die lewe immers so vol onrus en gejaag na wind. Daarby veroorsaak die spanning en sorg van die lewe innerlike onrus wat ons soms nagte deur laat wakker lê.

Ware rus is moontlik, maar dit is slegs by God moontlik. Christus het immers gekom om weer die rus en vrede te herstel. Daarom is die ware rus slegs by Hom te vind. Hy deel dit aan ons mee deur sy Woord en evangelie. Daarby verseker Hy ons deur die sakramente van die rus wat Hy bewerk het. Onder die geklank van die Woord van God en deur die gebruik van die sakramente daal God se rus en vrede in my siel neer en kry ek die antwoorde wat die onrus in my weer tot kalmte bring. Om die rede smag my wese na die Rusdag en gryp ek dit aan as 'n genadegawe uit God se hand. Hoe meer ek my rus by die Here vind, hoe yweriger soek ek die bediening van sy Woord en die sakramente op.

Verder, hoe meer ek my rus in God vind, hoe meer word hierdie rus nie slegs beperk tot elke sewende dag nie. Dit werk deur na die hele week. My stiltetyd met God word belangrik vir elke nuwe dag van my lewe. So begin die ware rus my hele lewe deursuur sodat God al hoe meer die sentrale plek in my lewe inneem en daar al hoe minder plek is vir die sonde wat die eintlike oorsaak van die onrus in die lewe is.

Sing: Psalm 92:1, 6

Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)

~~~~~